

Kategeet werkblad: 24 Oktober 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 8:1-22

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Jesaja het by Agas aangedring om op die Here te bly vertrou. Agas op sy beurt was so bang vir koning Resin van Aram en koning Peka van Israel dat hy by Assirië om hulp gaan aanklop het.

Die woorde van profete was destyds op twee maniere getoets: deur 'n teken vooruit wat later bevestig word of deur 'n voorspelling wat bewaarheid word. Getrou aan die gebruik van sy tyd kry Jesaja twee betroubare getuies wat bevestig dat dit hý is wat die onverstaanbare maar tog ook verstaanbare woorde *spoedig buite - snel roof* op die kleitablet geskryf het. Later sê die Here aan Jesaja om sy seun *spoedig buite - snel roof* te noem. Dit is Jesaja se tabletwoorde. Dit is duidelik dat die naam van hierdie seuntjie ook simboliese betekenis het net soos die seuntjie Immanuel in Jesaja 7.

Voor hierdie kind kan praat, sal alles wat koning Resin van Damakus en koning Peka van Samaria besit aan die koning van Assirië behoort. Resin en Peka gaan binnekort geplunder en geroof word. Die seun se naam mag vreemd wees, maar binne die omstandighede is dit tog bemoedigend. Die seuntjie *Spoedig buite - Snel roof* wat in Jerusalem rondloop, is die bevestiging van Jesaja se woorde *spoedig buite - snel roof* op die kleitablet.

Die koning van Assirië sal die hele Juda, behalwe vir Jerusalem, inneem. Die feit dat Agas by Assirië om hulp gaan aanklop het, het gevolge vir Juda. Die Assiriërs neem Juda ook oor. Dit verwys heel moontlik na die tyd van koning Hiskia, die Immanuel-seuntjie van Jesaja 7, toe hy nog net in Jerusalem geregeer het. Tydens sy regering het koning Sanherib van Assirië ses en veertig Judese stede verwoes. Hy het Jerusalem beleër maar nie ingeneem nie. Hierdie verskriklike situasie eindig met die uitroep: *Immánuel*. Dit herinneer die inwoners dat God in die verskriklike omstandighede by hulle is.

Al het Agas besluit om die teken dat God wat by hulle is, nie ernstig op te neem nie, is God by hulle. Al het die Assiriërs oorgeneem, is God by hulle.

Verwagte uitkoms:

God bly sy volk verseker van Sy teenwoordigheid. Hy gee 'n teken eers in die seun Immanu-el, Hy gee 'n teken in Jesaja se een seun – 'n *oorblyfsel sal agterbly* – en nou in nog 'n seun *Spoedig buite - Snel roof*. Tog wil Agas nie op die Here vertrou nie en wil eerder ander planne maak. Die les is gefokus om die kinders te laat sien hoe God teenwoordig bly. Hoe God ons realiteit kan wees al lyk dit wat om ons aan die gang is onrustig.

Aksie:

'n Powerpoint word aan die groot groep gewys met verskillende optiese illusies wat hulle in die groepe moet uitsorteer en beantwoord.

Moenie dat die kinders vooraf hierdie antwoorde sien nie!

- Die sin het 6 F's in.
- Die driehoek sin lees: "I love Paris in the the springtime."
- Die lyne is ewewydig
- Die sirkels beweeg nie, hulle staan stil.
- Die vrou draai in beide rigtings, dit hang af van mens se persepsie.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Hart vrae:

- Watter van die prente of vrae was die maklikste/moeilikste om reg te kry?

Skoppens vrae:

- Op watter maniere het God vir sy volk gewys dat hy steeds teenwoordig is in Jesaja 8?
- Op watter maniere het hulle vir God gewys dat hulle nie op Hom vertrou nie?
- Hoekom is mense makliker geneig om eerder ander oplossings te soek as om op God te vertrou?

Klawers vraag:

- Hoe weet jy God is teenwoordig in jou lewe?
- Waarvoor vertrou jy vir God?